

Wag op die Here! 20

20. **Die God wat op jou wag**

Om dié rede wag die HERE om aan julle genade te betoon; om dié rede rig Hy Hom op om Hom oor julle te ontferm. Want die God van reg is die HERE; gelukkig is almal wat op Hom wag. Jesaja 30:18 (AFR20)

Jy moenie dink dat dit net jy is wat op God wag nie. God wag op jou ook. As jy dit goed begryp, sal jy weet dat jou wag nie tevergeefs is nie. Aangesien Hy vir jou wag, kan jy seker wees dat jy meer as welkom by Hom is.

Kyk op na God op sy troon. God is liefde; Hy het ’n standhoudende en onuitspreeklike begeerte om sy eie goedheid en seëninge aan al sy skepsels te kommunikeer. Hy wil graag seën. Hy wag met al die verlange van ’n vaderhart, sodat Hy sy genade aan jou kan skenk. Elke keer as jy op Hom wag, kan jy opkyk en Hom sien waar Hy gereed is om jou te ontmoet en te seën.

Jy mag dalk wonder, as Hy jou dan wil seën, hoekom Hy dit nie doen nie. Hoekom wag Hy so lank om sy seëninge aan jou te skenk? Een rede is dit: God is ’n wyse boer *wat wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor* (Jakobus 5:7). Hy wag tot die vrug ryp is. Hy weet wanneer ons geestelik gereed is vir sy seëninge. As jy in die sonskyn van sy liefde wag, word jou siel ryp vir sy seëninge. Net so is dit nodig dat jy ook wag onder die wolk van beproewing wat uitloop in reënbuie van seën. As God langer wag as wat jy wil hê, is dit om sy seën dubbeld so kosbaar te maak.

Die ander rede hoekom Hy jou laat wag, is omdat Hy meer is as sy seëninge. In die wag op Hom ontdek jy dat jou lewe en vreugde in Hom alleen is. *Om dié rede wag die HERE om aan julle genade te betoon.* Klaagliedere 3:25 sê dit goed: *Goed is die HERE vir hulle wat op Hom wag, vir die mens wat na Hom soek.*

Gelukkig is almal wat op Hom wag.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het

- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026